# <u>Lewende Boeke / Living Books</u>

(Leesreekse / voorlees 7-9 / 10-12)

Anna Atoom reeks

Dinowêreld

Speurhond Willem

Die Boomhuis reeks

Die Swart Kat

Jasper

Oloff die seerower(ouer kinders)

Stalmaats

Zakkie Mostert

Speurder Annika

## Aardrykskunde (lande van die wêreld)

1. – Rondom die wêreld in tagtig dae (6 jaar +) – Jules Verne
(Ons het net die verkorte weergawe gelees – ek soek nog na die volledige vertaling) (In Engels Around the world in 80 days)

2. – Nils Holgersson se winderbaarlike reis (6 jaar +)– Selma Lagerlof. 'n Ongelooflike kykie in Swede, hul diere- en plantelewe, kultuur, legendes en bygelowe.

3. – Marianna Brandt se "Om die wêreld" (5 jaar +)

4. – Johanna Spyri se "Heidi"(4 jaar +).
Die storie is soveel beter as die DVD's met 'n baie meer geestelike boodskap.

5. – Vuurwa-taxi: toer ontvoer – Anneline De Hout(7jaar+).
My 7 en 9 jarige het die boek sommer self gelees en ons het dit toe bespreek. (Daar is ook 'n studiegids ekstra beskikbaar vir ouer kinders) Gegrond op 'n ware verhaal. Leer meer oor Egipte en dis ook 'n wonderlike geleentheid om met jou kinders oor God se beskerming en ingryping te praat.

6. – Op die agterpaaie – Dana Snyman (8 jaar+).
Reis deur al die klein plekkies in ons land saam met Weg! joernalis Dana Snyman.

7. – Die huis langs die silwer meer- Laura Ingalls Wilder (8 jaar +). Beskryf Laura se grootword jare. Die boek speel af in 1879–1880 in Dakota en hoe die dorp de Smet tot stand gekom het.

8. – Die goeie, goue jare" – Laura Ingalls Wilder (9 jaar +).
Beskryf hoe Laura begin skoolhou op amper 16 jaar tot haar en Almanzo Wilder se troue. Meer oor hoe die Amerikaners setlaars weswaarts getrek en geleef het (Soort gelyk aan die tydperk van die groot trek)

9. – Farmer boy – Laura Ingalls Wilder (9 jaar +).
Beskryf Almanzo (Laura se man) se grootword jare in New York in die 1890'tigs

10. – Ngesomit – Sangiro (9 jaar +) –
Lewe in Tanzanie in die vroeë 1900's

11. – Safari – Sangiro – (9 jaar +) Jag in oos afrika in die vroeë 1900's

## Die diereryk

**Insekte**

1. – Kriek-hulle – Anna Rothman (6 jaar+).
   Nog 'n wenner van Anna Rothman die keer oor insekte en paddas.

2. – Die byeboere van more (6 jaar +) – Richen Marais

**Voëls**

3. – Kraai-hulle – Anna Rothman (6 jaar+).
   Die boek is in 'n vertel trant geskryf oor interessante voëls van ons land

4. – Die kokkewiet en sy vrou – Freda Linde (8 jaar +)

5. – "Die Rooi Haan" (7 jaar +)- Freda Linde.
   'n Storie oor hoenders

6. – "Diva Veronica" - Marianna Brandt (5 jaar +)
   (gegrond op die ware verhaal van 'n hoenderhen),

**Diere**

7. – Koningskind (6 jaar +) – Anita du Plessis.
   Die storie word vertel uit die oogpunt van 'n jong Engelse bulhond. Dis nogal humoristies hoe die hond se weergawe van gebeure verskil van hoe sy huismense dit ervaar. Beide my kinders was gek oor die storie

8. – Baron Buksie (6 jaar +) – Wille Martin.
   Nog 'n storie uit die oogpunt van 'n hond, die keer 'n worshond. Dit beskryf die verskille tussen kat en hond gedrag baie goed.

9. – "Die avonture van Magrietjie swaaiboude" Marianna Brandt (5 jaar +)
   (gegrond op 'n ware verhaal van 'n gidshond)

10. – White Fang die wolfhond (Libri-reeks) – Jack London (8 jaar+).
    'n Ongelooflike storie oor wolwe gedrag. Die storie speel af in die Yukon en Noordwes gebiede van Kanada gedurende die 1890 se Klondike "Gold Rush".

11. – Rommel – Johann Bekker (8 jaar +)
    Oor 'n Rottweiler

12. – Bambi (6 jaar +)– Felix Salten.
    Dit is 'n ongelooflike mooi lewende boek oor die diere, hul gewoontes en die woud. Buiten dat die boek in 'n woud afspeel en handel oor 'n bokkie met die naam Bambi is daar nie juis ooreenkomste met die Disney weergawe van die storie nie. Dis 'n pragtige boek, wat kinders se verbeelding aangryp.

13. – Die vernuftige verkleurmannetjie (5 jaar +) – Charles de Villiers.
Dis ‘n baie kort boek, maar ‘n mooi lewende boek oor verkleurmannetjies.

14. – Die swart hings (6 jaar +) – Anna Sewell

15. – Helde met hoewe – Dapper; Fleur; Bokkie – Juliette Whelpton (9 jaar +)
– Boereoorlog 1900. Historiese avontuurverhale wat uit die bekke van die perde van generaals Koos de la Rey, Christiaan de Wet en Louis Botha vertel word

16. – Freda Linde se “Die Singende Gras” (7 jaar +)
(ons knaap het die boek baie geniet). Dit speel in Namibië / Suidwes-Afrika af en volg die reis van ‘n seun saam met ‘n kameel en hoe hy oorleef in die veld.

17. – “Die Natuurbilioteek: Die eekhoring” (5 jaar +)
– ‘n lewendeboek oor eekhorings ,
“Die krimpvarkie” (5 jaar +) Die boeke in die reeks is fantasties. Deur die storie leer mens baie van die betrokke dier, hulle gedrag, eet en lewensiklus. Die kinders was mal daaroor (daar is ander titels in die reeks wat nie by ons biblioteek beskikbaar was nie)

18. – Maartens se “Wonderlike Ware Dierestories“ (5 jaar +).
‘n Hele versameling van diere verhale gegrond op werklike gebeurtenisse.

19. – “Houdini se avontuur” - Nikki Berry (4 jaar +).
Die storie van Houdini die seekoei. Dis gebaseer op ‘n ware verhaal

20. – “Striep” (5 jaar +) van Henk Figee.
‘n Storie uit die oogpunt van ‘n kat.

21. – “Meneer Popper se Pikkewyne” - Richard en Florence Atwater (4 jaar +)

22. – “Jabulani die olifant”(4 jaar +) en “Velaphi die pikkewyn” - Elmarie Botes (4 jaar +)

23. – “Seerbekkie”(4 jaar +) en “Klein bokkie”(4 jaar +) - Winckler en Marais

24. – Klaasneus-hulle – Anna Rothman (6 jaar+).
Nog ‘n boek in vertel trant oor diere van ons land soos die rooikat, krimpvarkie, ystervark, broekmannetjie en vele meer.

25. – Klein wilde sjimpansee (5 jaar +) – Anna Michel

26. – Kees – Hobson (8 jaar+)
Stories oor bobbejane en rooijakkalse in die kalahari

27. – Pels – Ben Venter (8 jaar+)
Storie oor otters

28. – Werfjoernaal – FA Venter (9 jaar +)
– 1960’tigs in die Noordkaap. Pragtige beskrywings van die diere en plante lewe van die area

29. – Simba – Sangiro (9 jaar+)
– Die verhaal van 'n klein leeutjie in Oos-Afrika in die vroee 1900's

## Suid-Afrikaanse geskiedenis

**Vroeë geskiedenis**

1) – Caravel to the Cape – Eve Merchant (10 jaar +)
– Bartolomeu Dias se ontdekkingstog rondom die Suid-punt van Afrika in 1488

2) – Spore uit fort Sandenburg (10 jaar +)
– Die verhaal speel af rondom die stranding van die Niew Haerlem in 1647

3) – Stowaway to nowhere – Jenny Seed (10 jaar +)
– Speel af in die tyd van Jan van Riebeeck en die bou van die fort

4) – "Hendrik Leerdam – Seereis na die kaap" - James Home (5 jaar +).
Die reis saam met Jan van Riebeeck uit die oogpunt van 'n jong seun aanboord.

5) – "Die stoutsterte van Texel tot Tafelbaai"(4 jaar +) en "Die stoutsterte, Poot aan wal" (4 jaar +)– Marianna Brandt
2 Heerlike stories met so bietjie geskiedenis van Jan van Riebeeck se vaart na die kaap en die eerste maand in die kaap.

6) – "Die Avonture van Pol en Jan van Riebeeck" - Liz de Groot (5 jaar +)

7) – Die seun in die pad – Pieter W. Grobbelaar (9 jaar +)
– Speel af tydens die vestiging van die nedersetting in die kaap tydens Jan van Riebeeck se tyd

8) – Die vlugteling Andre de la Fontaine – Japie Coetzee (10 jaar+)
– Speel af in die tyd van WA van der Stel in Stellenbosch.

9) – Vryburger Tas – Dan Sleigh –
Die lewe van Adam Tas (en WA van der Stel) Tydperk rondom 1705/6.

**1800-1830**

10) – Kinders van Orion (7 jaar +) – Mike Heine.
'n Verhaal rondom John Ross wat van Zululand na Delagoa Bay (Maputo) en terug geloop het.

11) – Stem van die groot olifant (8 jaar +)– Jenny Seed
(Die storie speel af in Sjaka se stat en is ‘n heerlike manier om meer te leer oor die Zoeloe gebruike van daardie tyd. Ek kon nie vinnig genoeg na my knaap se s’n die boek lees nie.

**Groot trek**

12) – Wit oemfaan, Die Avontuur van Paulus van Gass (8 jaar +) – FA Venter .
Die boek is gebaseer op ‘n ware verhaal wat afspeel tydens die Groot Trek. Dit was perfek vir my amper 8 jarige wat op die oomblik gek is oor oorleef. Die boek bied ‘n baie gebalanseerde weergawe van hoe die Groot Trek van beide Voortrekker en Zoeloe kant gesien is)

13) – Anderkant die berge (8 jaar +) – Helene Roux .
‘n storie wat tydens die Groot Trek afspeel)

14) – Die onbekende land (9 jaar + Selflees) – Jenny Seed.

15) – Die Tweeling trek saam – MER (8 jaar +).
Die storie speel tydens die groot trek af (1837-1838). Wonderlik vertel maar hou die sneesdoekies naby aan die einde

16) – Geknelde land – FA Venter (9 jaar +)
– Groot trek 1835 (Redes vir die trek)

17) – Offerland – FA Venter (9 jaar +)
– Groot Trek 1836 (Trek tot dood van Piet Retief)

18) – Gelofteland (11+) – FA Venter
– Groot Trek Bloedrivier

19) – Oor die nek van die draak (11+) – Maretha Maartens

**1840-1900**

20) – Jock van die Bosveld (6 jaar +) – hervertel deur Phillida Brooke Simons
(‘n Goeie weergawe van die ou bekende storie van Jock met interessante brokkies tussen in om gebeure beter te verduidelik)

21) – Jock van die bosveld (Libri-reeks) (6 jaar +) – Sir Percy FitzPatrick
laat 1800’ in die bosveld

22) – Die pad oor die berg kom huis toe (9 jaar +) – Kowie Rossouw
– speel af rondom die bouwerk aan die Swartbergpas (1881 and 1888)

23) – Geliefde Generaal (11+)– Pieter W. Grobbelaar
– lewens verhaal van Generaal JBM Hetzog 1866 – 1942

**Boereoorlog**

24) – Nag op Spioenkop (7 jaar +) – Jenny Seed.
Die storie speel rondom die geveg van Spioenkop af.

25) – Dirkie, Drieka, Frederika – Franci Greyling (8 jaar+)
Boereoorlog storie

26) – Helde met hoewe – Dapper; Fleur; Bokkie – Juliette Whelpton (9 jaar +)
– Boereoorlog 1900. Historiese avontuurverhale wat uit die bekke van die perde van generaals Koos de la Rey, Christiaan de Wet en Louis Botha vertel word

27) – Kaptein Gereke – Mikro (9 jaar +)
– Fiktiewe verhaal wat afspeel teen die agtergrond van die Angloboereoorlog

28) – Ruiter in die nag – Mikro (7+)
– Fiktiewe verhaal wat afspeel teen die agtergrond van die Angloboereoorlog

29) – Place among the stones – Jenny Seed (10 jaar+)– Die beleg van Mafikeng van Oktober 1899-Mei 1900 tydens die Anglo-boere oorlog

30) – Die Nagberg – Grobbelaar (10 jaar+)
– Eerste Vryheidsoorlog, Louw Wepener

31) – Die kinders en die veldkornet – Pieter W Grobbelaar (10 jaar+)
– Speel af tydens die Anglo-boere oorlog

32) – Held van Colenso – CJ Scheepers Strydom
(Generaal Louis Botha se lewensverhaal – Hierdie is nie ‘n lewendeboek, meer ‘n geskiedenisboek, maar dis interessant om die Angloboere oorlog en die politiek daarna uit ‘n 2de oogpunte te bekyk)

33) – Die Stellalander – HS van Blerk
– Avontuur verhaal wat afspeel teen die agtergrond van die Boereoorlog

**1900 +**

34) – Die raaisel van die SS Waratah en die avokadoboom (6 jaar +) – MJ Honikman,
Die verdwyning van die SS Waratah in 1909 in storie vorm. Die karakters in die storie “leer” kinders mooi hoe mens navorsing doen oor iets waarin jy belangstel. Ons het seker ‘n goeie 2 dae spandeer om meer oor die Waratah en sy verdwyning op te lees. Veral ons 8 jarige wou weet of hulle nie intussen die wrak gevind het nie.

35) – Die Wildedruif val – PH Nortje (9 jaar +)
– 1916 vloed in Baviaanskloof

36) – Mof en sy mense – Langenhoven (8 jaar +).
Speel tussen 1918 en 1919 af tydens die groot griep en droogte.

37) – Die Reisiger – Karl Schoeman.
Leipoldt se reis op Pulitzer se seiljag, Liberty

38) – Kambro-kind – FA Venter (8 jaar+). F
A Venter vertel van sy jong jare in die Karoo. Hy deel onder andere van die groot griep van 1918, die Groot Armoede van 1933.

39) – 'n Roofvoel uit die ooste – Rona Rupert (9 jaar +)
– Hoe die Tweede Wereld oorlog in SA beleef is

40) – Jacques Rouw se vuurdoop op Ceres – Kowie Rossouw (8 jaar+).
Speel tydens die 1969 aardbewing op Ceres af

41) – Grenswag – HJ Vermaas.
Speel af teen die agtergrond van die grensoorlog. 1970-1980

42) – Vryheidsvlug – Kobus Bezuidenhout.
Speel in 1976 af teen die Grensoorlog.

43) – Redding in die reën – Jenny Seed (8 jaar +)
Natalse oorstromings van September 1987

44) – Drie jong jagters, Op die klein spoortjies, Fanie se veldskooldae (8 jaar +)– PJ Schoeman.
Stories wat die kinders leer van die lewe op plase vroeër jare.

**2000+**

45) – Anderkant die groot rivier – Pieter Pieterse (8 jaar+)
– 'n avontuurverhaal wat op Pieter Pieterse se eie jeugervarings gegrond is toe hy oral in die land en naburige lande saam met sy pa gaan jag het. Leer van die destydse plaaslewe, die bosveld en jag.

46) – Suid-Afrikaanse helde en ikone (7 jaar +)– Wendy Maartens.
'n Versameling verhale oor helde en ikone van ons land uit verskillende kulture. Heerlike blootstelling vir ons kinders aan die mense van ons reënboog nasie.

## Wêreld Geskiedenis

**1ste eeu**

1. – Daar het 'n ster verskyn – Karl Kielblock (9 jaar+)
   – Speel af teen die agtergrond van Jesus se geboorte en die wyse manne se reis na Bethlehem

**1600's**

2. – Lig in die donker – Karl Schoeman (10 jaar+)
   – Die lewe van Rembrandt van Rijn

**1700's**

3. – Alleen op 'n verlate eiland – Ginny McReynolds (10 jaar+)-
   Die verhaal van Alexander Serkirk (op wie Robinson Crusoe gebaseer was)

**1800's**

4. – Die Walskonings – Karel Schoeman (11 jaar+) 1825-1930:
   Die lewe en werke van die Strauss gesin (hoof fokus op Johann Strauss II, maar handel ook oor Johann Strauss I, Josef Strauss en Eduard Strauss.). Die politiek in Europa in die tydperk, 1ste Wêreld oorlog agv die sluipmoord op Frans-Ferdinand en sluit af met verwysing na die 2de wêreldoorlog waartydens Russiese troepe die Strauss paleis plunder.

**Eerste wêreld oorlog**

5. – Oorlogsperd – Michael Morpurgo (10 jaar+)
   – Die eerste wereld oorlog soos gesien deur die oe van 'n perd

6. – Soldier dog – Sam Angus
   – Honde wat in die 1ste wêreldoorlog gebruik is om boodskappe te stuur

**Tweede wêreld oorlog**

7. – Going Solo – Roald Dahl (10 jaar+)
   – Sy outobiografie as vegvlieënier tydens die die 2de wêreld oorlog.

8. – Boris – Jaap ter Haar (10 jaar+)
   - Die beleg van Leningrad tydens die Tweede wereld oorlog

**1900+**

9. – Escape from the island of ice – Philippe O'Grady (10 jaar+)-
   Die verhaal van Ernest Shackleton se ekspedisie na Antartika

10. – Sergei (ook beskikbaar onder die titels "Forgive me, Natasha" en "The Persecutor") (10 jaar+) – Sergei Kourdakov –
Die outobiografie van Sergei Kourdakov wat groot geword het in die Russiese maatskaplike stelsel. Hy word 'n kommunistiese jeug leier wat Christene vervolg as deel van 'n spesiale taakspan van die KGB. In 1971 ontsnap hy egter uit Rusland en word 'n evangelis wat die ondergrondse kerk in Rusland help. (Die boek beskryf van die vervolging van Christene en mag ontstellend vir jong lesers wees. Oordeel dus eerder self op watter ouderdom jy dink dit geskik sal wees vir jou kinders)

11. – Nightmare in a sea of mud – Gerald Garibaldi (10 jaar+)-
Die verhaal van die heldedaad van Graham Robson in 1976 (Australië)

12. – Head-on with hurricane Camille – George Cory (10 jaar+) –
Oor orkaan Camille in 1969

## Ander

1) – 'n Tent vol sterre" (5 jaar +) van Keith Osler Anderson –
'n heerlike storie oor die lewe in die sirkus

2) – Alex swem stroom-op – Tessa Duder (gesensor 8jaar+).
Die fiktiewe storie speel in 1959 in New Seeland af. Dit handel oor harde werk en opoffering wat daarin gaan om te kwalifiseer vir die Olimpiese Spele (Tessa Duder was self 'n swemmer vir New Seeland wat aan die Commonwealth Games deelgeneem het).
*Daar was 'n paar verwysings na soene en gevroetel tussen Alex en haar kêrel wat ek nie gevoel het geskik was vir 'n jonger gehoor en uit gelaat het tydens voorlees.

3) – True survival stories – Jack Monroe (8 jaar+) –
Ware verhale van oorlewing.

4) – Boy – Roald Dahl (10 jaar +) –
sy outobiografie oor sy kinderjare

5) – Die Sirkus kom – Noel Streatfield (6 jaar+) –
Oor die lewe in die sikrus

6) – Net een oorleef – Jenny Tripp (10 jaar+) –
'n Verhaal oor oorlewing in die amasone woude

7) Leerling Vlieënier; Vegvlieënier en Majoor - Christo De Lange: Toetsvlieënier – Simon van Garderen – oor vliegtuie deur 'n vegvlieënier geskryf